P.O. Box 508 Rayton 1001, South Africa
Telephone: (012) 734 4733 / 4180
Fax: (012) 734 4181 (international code: +27 12)
Web domain: www.braveheart.co.za
Registration: 2000/002285/22 T/A
Vat Number: 4370194526

Trained dogs save lives and protect property
Opgeleide honde red lewens en beveilig eiendom

Skenk ‘n Hond

Het u ‘n hond of honde wat u nie kan akkommodeer nie?

Skenk dit aan Braveheart Bio-Hond Akademie en maak ‘n positiewe verskil.

Wat ons doen:

- Afhangende van die geaardheid en ras van die hond, sal dit opgelei word vir aanwending in persoonlike beskerming, gespesialiseerde reukwerk (Narkotika en Plofstof), of spoorwerk.

Hoe ons dit doen:

- Braveheart Bio-Hond Akademie is ‘n professionele opleidingsakademie. Aan die hoof staan John Greyvenstein, wat ‘n BSc (Dierkunde)(Hons) en MSc (Genetika) het. Sy Meesterstesis het gehandel oor werkhonde. Hy is ook ‘n DH5 A graad gekwalifiseerde honde-instrukteur, en ‘n SAQA geakkrediteerde Assessor en Moderator.
- Ons benadering tot honde-opleiding is professioneel en gerig op positiewe opleidingstegnieke – daar is dus geen straf vir die hond in die opleidingsproses betrokke nie.
- Braveheart Bio-Hond Akademie beskik oor navorsingsfasiliteite en streef aaneenlopend daarna om die opleidingsproses meer wetenskaplik en professioneel te maak.

Waarna ons soek:

- Honde van tussen 3 maande en 3 jaar oud.
- ‘n Verskeidenheid rasse word aanvaar (skakel ons gerus indien u onseker is of ons u hond sal kan gebruik).
- Selfversekerde honde wat in ‘n aangename huislike omgewing woon en nie getraumatiseer is nie.

Hoe dit werk:

- Skakel Marlize of Lina by Braveheart Bio-Hond Akademie.
- ‘n Afspraak sal gereël word om die hond te evalueer.
- Indien die hond geskik bevind word, sal ons ‘n formele skenkingsooreenkoms met u aangaan.

Die prosedures wat gevolg word:

- Die hond sal deur ‘n veearts ondersoek en ingeënt word.
- Daarna sal dit vir ‘n tydperk onder kwarantyn geplaas word.
- Na afloop van hierdie tydperk sal die hond deur John Greyvenstein geëvalueer en dienooreenkomstig na ‘n spesifieke opgeleidingsveld geallokeer word.

Honde wat nie geskik is vir professionele werk nie, sal uitgeplaas word na geskikte huisgesinne.

Wat om te doen:

- Skakel Marlize of Lina by (012) 734 4733 / 4180 om ‘n afspraak te reel